| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | GEOGRAFIE |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 18 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae.

   **AFDELING A**
   VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60 PUNTE)
   VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60 PUNTE)

   **AFDELING B**
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN BEREKENINGE (30 PUNTE)

2. Beantwoord **AL DRIE** vrae.

3. Laat ‘n reël oop tussen die antwoorde van die sub-vrae.

4. Begin **ELKE** vraag op ‘n **NUWE** bladsy.

5. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Beantwoord vrae in **VOLLEDIGE SINNE**, behalwe wanneer jy moet noem, identifiseer of stel. Skryf in vol sinne wanneer paragraafvrae beantwoord word.

7. Eenhede van meting **MOET** in die finale antwoord aangetoon word.

8. Teken diagramme volledig van byskrifte voorsien wanneer dit só gelas word.

9. Jy mag van ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar en ‘n vergrootglas gebruik maak.

10. Skryf netjies en leesbaar.

    **AFDELING B: BYKOMENDE INSTRUKSIES EN INLIGTING**

11. Uittreksels van ‘n 1:50 000 topografiese kaart 2430CB BURGERSFORT en ‘n 1:10 000 ortofotokaart 2430 CB 17 BURGERSFORT, wat ‘n gedeelte van die topografiese kaartgebied verteenwoordig, word voorsien.

12. Punte word vir die berekeninge/stappe toegeken en **NIE** volpunte vir slegs die korrekte antwoord nie. Die korrekte vervanging moet vir ‘n gegewe formule aangetoon word.

13. Die topografiese kaart en ortofotokaart moet aan die einde van die eksamensessie aan die toesighouer teruggegee word.


© SACAI KOPIEREG 

# AFDELING A

## VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

Vier keuses word vir die volgende stellings voorsien. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en korrekte letter (A – D) in jou antwoordboek. Bv. 1.1.9 A.

1.1 Gebruik die diagramme hieronder om vrae 1.1.1, 1.1.2 en 1.1.3 te beantwoord.




*[Eksaminatorsdiagram]*

1.1.1 Diagram **A** verteenwoordig 'n …

A verspreide nedersetting.
B geïsoleerde plaasopstal.
C kern nedersetting.
D lineêre boeredorp. (1x1) (1)


1.1.2 Diagram **C** verteenwoordig 'n …

A verspreide nedersetting.
B geïsoleerde plaasopstal.
C kern nedersetting.
D lineêre boeredorp. (1x1) (1)

1.1.3 Diagram **B** verteenwoordig 'n boeredorp waar elkeen toegang tot die rivier het en dit 'n … -nedersetting genoem word.

A aansluitings
B droë punt
C nat-punt
D oorbruggings-punt (1x1) (1)


1.1.4 Die buitelynvorm van hierdie boeredorp is veroorsaak deur…




*[https://en.wikipedia.org/]*

A ‘n pad.
B die reliëf.
C ‘n rivier.
D die grond. (1x1) (1)

1.1.5 Hierdie boeredorp is op die kruin van ‘n heuwel geleë as gevolg van…



*[https://za.pinterest.com/]*

i die reliëf.
ii beveiliging.
iii watertoegang.
iv koeler temperature.

A i en ii
B i en iii
C ii en iv
D i en iv (1x1) (1)

1.1.6 Landelike nedersettings is enkel-funksioneel en gebaseer op … aktiwiteite.

A Sekondêre
B Tersiêre
C kwatinêre
D primêre (1x1) (1)

1.1.7 ‘n Suiwelboer wat ‘n standplaas vir sy plaas kies, moet… oorweeg.

i Water
ii Paaie
iii Grond
iv Weiding

A i en ii
B i en iii
C i en iv
D iii en iv (1x1) (1)

1.1.8 ‘n Kommersiële boer wat bederfbare produkte produseer moet toegang tot ‘n baie goeie … -stelsel hê.

A Verpakking
B vervoer
C Arbeid
D Finansiering (1x1) (1)

**[8]**

1.2 Kies ‘n begrip/term uit die lys hieronder wat verband hou met ‘n beskrywing. Skryf slegs die begrip/term langs die vraagnommers 1.2.1 – 1.2.7 neer. **[Gebruik ‘n begrip / term net een keer]**

| |
|---|
| *Gentrifikasie / Fasadisme / Ekolandgoed / Ghetto / Afgesperde gemeenskappe / Inname en opvolging /Gekaapte geboue / Gholflandgoed* |

1.2.1 Voorstedelike woongebiede met gekontroleerde toegang deur ‘n veiligheidsbeheerde hek.

1.2.2 Binnestedelike geboue wat deur mense oorgeneem word wat nie die geboue besit nie.

1.2.3 Modernisasie en verbetering van ou huise naby die stads-sentrum.

1.2.4 Groot sekuriteitsbeheerde woongebiede wat rondom ‘n gholfbaan gebou word.

1.2.5 Groot sekuriteitsbeheerde woonkomplekse, opgerig ooreenkomstig ‘groen’ beginsels, wat omgewingsvriendelik is.

1.2.6 Grondgebruik verander en ‘n nuwe grondgebruik neem die oorspronklike funksie oor en neem dit in.

1.2.7 Die ou, oorspronklike voorkant of fasade van ‘n gebou word behou en ‘n nuwe ontwikkeling word agter die ou fasade opgerig.

(7x1) **[7]**

1.3 Verwys na die foto hieronder.



*[https://www.google.com/URBAN+PROFILES+IN+SOUTH+AFRICA]*

1.3.1 Watter grondgebruiksone word deur die foto aangetoon? (1x1) (1)

1.3.2 Watter aspek van die stadstruktuur word deur die foto verteenwoordig? (1x2) (2)

1.3.3 Waarom is die geboue so naby aan mekaar? (1x2) (2)


1.3.4 Noem TWEE hoofaktiwiteite wat in hierdie deel van die stad plaasvind? (2x1) (2)


1.3.5 (a) Beskryf TWEE uitdagings wat deur werkers, wat na hierdie gebied reis, ervaar word. (2x2) (4)

(b) Stel TWEE oplossings voor wat hul reis na en van hul werk makliker sal maak (VRAAG 1.3.5 (a)). (2x2) (4)

**[15]**

1.4 Verwys na die twee modelle van stedelike struktuur




Sleutel

1. Sentrale Sakekern
2. Groothandel / ligtenywerhede
3. Lae-inkonmste woondgebied
4. Middel-inkomste woongebied
5. Hoë-inkomste woongebied
6. Swaarnywerhede
7. Buitegeleë Besigheidsdistrik
8. Residensiële voorstad
9. Industriële voorstad

*[Aangepas uit https://www.google.com/models+of+city+structure]*

1.4.1 Definieer die konsep *model van stedelike struktuur.* (1x2) (2)

1.4.2 Identifiseer elk van die modelle **A** en **B.** (2x1) (2)

1.4.3 (a) Watter model (**A** of **B)** se ontwerp is gebaseer op vervoerroetes ? (1x1) (1)

(b) Verskaf 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 1.4.3 (a). (1x1) (1)


1.4.4 (a) Watter model (**A** of **B**) pas stede vandag die beste? (1x1) (1)

(b) Verskaf 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 1.4.4 (a). (1x2) (2)

1.4.5 Verduidelik hoe groot voorstedelike en streekswinkelsentrums die funksies van die Sentrale Sakekern beïnvloed het. (3x2) (6)

**[15]**

1.5 Verwys na die infografika oor landelik-stedelike migrasie.




*[https://mg.co.za/rural-migrants-better-off-in-cities/]*

1.5.1 Definieer die term *landelik-stedelike migrasie.* (1x2) (2)

1.5.2 Watter persentasie van die bevolking wat in die landelike gebiede gebly het, leef onder die armoedelyn in 2010-2011? (1x1) (1)

1.5.3 Watter persentasie van daardie migrante wat in stedelike gebiede gebly het, leef in 2014-2015 onder die armoedelyn? (1x1) (1)

1.5.4 (a) Is die volgende stelling waar (ja of nee)?
"Migrante wat na stedelike gebiede verhuis, is beter daaraan toe." (1x1) (1)

(b) Haal uit die infografika aan om jou antwoord op VRAAG 1.5.4 (a) te ondersteun. (1x2) (2)

1.5.5 In **'n paragraaf van 8 tot 10 reëls**, beskryf die toestande in landelike gebiede wat mense dwing om in stedelike gebiede te hervestig. (4x2) (8)

**[15]**

**TOTAAL VRAAG 1: [60]**

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Kies die korrekte term uit **KOLOM B** om te pas by ‘n verduideliking in **KOLOM A**. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter in jou antwoordboek neer. Bv. 2.1.9 A

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Totale waarde van goedere en dienste wat binne die grense van ‘n land in een jaar geproduseer word | A | Sekondêre |
| 2.1.2 | Aktiwiteite wat die prosessering van grondstowwe en vervaardigde goedere insluit | B | Sentralisasie |
| 2.1.3 | ‘n Werker wat ‘n spesifieke stel vaardighede of gespesialiseerde kennis het | C | Bruto Binnelandse Produk |
| 2.1.4 | Goedere en dienste wat aan oor-seese lande verkoop word | D | Betalingsbalans |
| 2.1.5 | Beweging van nywerhede na “kern-gebiede” | E | Informele sektor |
| 2.1.6 | Mense wat genoeg voedsel het om in hul behoeftes te voldoen vir ‘n gesonde en produktiewe lewe | F | Invoere |
| 2.1.7 | ‘n Land se finansiële staat toon sy transaksies met die res van die wêreld | G | Opgeleide werker |
| 2.1.8 | Aktiwiteite by klein, onge-registreerde besighede wat goedere verkoop of dienste lewer sonder om gelisensieerd te wees | H | Voedselsekuriteit |
| | | I | Uitvoere |

(8x1) **[8]**

2.2 Kies EEN van die nywerhede **A** of **B** wat by elk van die stellings hieronder pas. Skryf slegs die letters **A** of **B** langs die vraagnommers 2.2.1 – 2.2.7.
Bv. 2.2.8 A.

**A**



**B**



*[https://www.google.com/factory+light+industry]*

2.2.1 Gebruik klein hoeveelhede grondstowwe

2.2.2 Geleë in die nywerheidsgebied van die stad

2.2.3 Hierdie tipe nywerheid stel groot hoeveelhede afval vry

2.2.4 ‘n Ander voorbeeld van hierdie tipe nywerheid is ‘n bakkery

2.2.5 Geleë op die stad se periferie (randgebied)

2.2.6 Hierdie tipe nywerheid vereis slegs ‘n klein hoeveelheid kapitaal-belegging

2.2.7 Moderne skeepsbou is ‘n ander voorbeeld van hierdie tipe nywer-heid (7x1) **[7]**

2.3 Verwys na die uittreksel hieronder.

Die Suid-Afrikaanse nywerhede is hoogs gesentraliseerd. Die vier hoofstreke dra meer as 70 % van die BBP by. Dit beteken dat daar 'n baie ongelyke verdeling van rykdom tussen hierdie kerngebiede en die randgebiede is. Dit beïnvloed ook die sosio-ekonomie van die land. Die ander gevolge van die agglomerasie is:

- Kapitaal versprei nie na afgeleë gebiede nie
- Besoedeling en omgewingskwessies; swak afvalbeheer
- Opeenhoping
- Hoë eiendomspryse en gebrek aan behuising
- Mislukking van infrastruktuur
- Misdaad.

Om die wanbalanse uit te skakel het die regering oor die jare verskeie prosesse soos groeipuntstrategieë en dekonsentrasiepunte probeer. Daar was ook verskeie strategieë om indiensneming in landelike gebiede te verhoog, wat misluk het. Belastingkortings en laer vervoerkoste het min uitwerking op desentraliserende bedrywe gehad. Nyweraars het meer benodig.

Dinge soos toegang tot ondersteuning/gekoppelde nywerhede, toegang tot Direkte Buitelandse Belegging, makliker toegang tot plaaslike markte, geskoolde arbeid, effektiewe vervoeraansluitings en doeltreffende, konstante energie- en water-voor-siening.

Tans is die regering besig met die uitbreiding van die konsepte van die Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI), Nywerheidsontwikkelingsones (NOS) en die Spesiale Ekonomiese Sones (SOZ).

*[Aangepas uit 'Oxford Grade 12']*

2.3.1 Definieer die begrip *desentralisasie*. (1x2) (2)

2.3.2 Noem TWEE redes waarom die regering nywerheids-aktiwiteite moet desentraliseer. (2x1) (2)

2.3.3 Het belastingtoegewings en laer vervoerkoste in die verlede gehelp om nywerhede te desentraliseer? (1x1) (1)

2.3.4 Wat is die <u>verskil</u> tussen 'n ROI en 'n NOS? (1x2) (2)


2.3.5 In 'n **paragraaf van 8 tot 10 reëls**, verduidelik wat nyweraars benodig om hul besighede effektief te desentraliseer. (4x2) (8)

**[15]**

2.4 Verwys na die infografika.

Suid-Afrika is een van die mees gevorderde en diverse ekonomieë in Afrika. Met 'n bevolking van 62 miljoen mense is dit 'n aantreklike en groeiende mark. Suid-Afrika dien ook as toegangspunt tot ander lande in suidelike Afrika. Suid-Afrika het 'n markgerigte landbou-ekonomie wat hoogs gediversifiseerd is en die produksie van al die belangrikste grane (behalwe rys), oliesade, sagtevrugte en subtropiese vrugte, suiker, sitrus, wyn en meeste groente insluit. Veeproduksie sluit beeste, suiwel, varke, skape, pluimvee en eiers in. Waardetoegevoegde aktiwiteite in die sektor sluit onder andere in die slag, verwerking en bewaring van vleis, verwerking en preservering van vrugte en groente, suiwelprodukte, gemaalde graanprodukte, fynmaak van oliesade, voorbereide veevoere, suikerverfyning en kakao, sjokolade en suikergebak voedselprodukte. Sitrus, wyn, tafeldruiwe, mielies, appels, pere en wol was verantwoordelik vir die grootste uitvoer volgens waarde. Suid-Afrika voer ook wol, neute, suiker, bokhaar en pere uit.

[https://www.trade.gov/country-commercial-guides/south-africa-agricultural-sector]




[https://www.google.com/south+africa/trade]

2.4.1 Noem TWEE *nie-geprosesseerde* (rou) produkte wat Suid-Afrika uitvoer. (2x1) (2)

2.4.2 (a) Het Suid-Afrika konstant meer goedere in randwaarde uitgevoer as wat ons ingevoer het? (1x1) (1)

(b) Is die landbou handelsbalans positief of negatief? (Antwoord op VRAAG 2.4.2 (a)). (1x1) (1)

2.4.3 Wat word bedoel met "... dien as 'n toegangspunt tot ander lande in suidelike Afrika"? (1x1) (1)


2.4.4 Verskaf TWEE voorbeelde vanuit die uittreksel wat aantoon dat waarde tot grondstowwe toegevoeg is. (2x2) (4)

2.4.5 Bespreek DRIE faktore wat landbou in Suid-Afrika strem. (3x2) (6)

**[15]**

2.5 Verwys na die infografika van die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging nywerheidskompleks.

**DIE BYDRAE TOT DIE BBP VOLGENS SEKTOR IN DIE STREEK.**




Van sy mynbou-oorsprong het 'n groot kompleks van myndorpe, stede en nywerhede gegroei om die hart van Gauteng te vorm. Die grootste deel van hierdie streek word deur die PWV-nywerheidskern in beslag geneem. Hierdie streek dra 35 % by tot die land se Bruto Binnelandse Produk. Die oorspronklike rede vir sy ligging (goudontginning) is lank reeds verbygesteek deur die sekondêre en tersiêre aktiwiteite van vervaardiging en finansies.

[*Aangepas uit: Oxford Suid-Afrikaanse Tematiese Atlas vir grade 10 – 12.*]

2.5.1 Noem TWEE stede wat deel van die PWV-kompleks vorm. (2x1) (2)

2.5.2 Wat was die oorspronklike rede vir die totstandkoming van hierdie streek? (1x1) (1)

2.5.3 Verskaf die getal werkers (duisende) en die geldbydrae in Rand (miljoene) wat deur die formele vervoersektor tot die BBP in die PWV-kompleks gemaak is. (2x1) (2)

2.5.4 Watter sektor van die ekonomie dra die minste tot die BBP van die PWV-kompleks by? (1x1) (1)

2.5.5 (a) Aan watter deel van die ekonomie behoort handel, finansies en regeringsdienste? (1x1) (1)

(b) Verskaf 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 2.5.5 (a). (1x2) (2)

2.6 Bespreek DRIE faktore wat die ligging van die PWV-nywerheids- kompleks beïnvloed het. (3x2) (6)

**[15]**

**TOTAAL VRAAG 2: [60]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING B

***VERWYS NA DIE BYLAAG***

### VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Watter *vervoerverwante* puntsimbool word by 24° 39’ Suid ; 30° 21’ 22” Oos aangetref? (1x1) (1)

3.1.2 Is die kommunikasietoring in blok **C2** op die topografiese kaart sigbaar vanaf die peilbaken (∆) 29 in blok **D1**? (1x1) (1)

3.1.3 In watter rigting sal jy na die kommunikasietoring in blok **C2,** op die topografiese kaart, kyk indien jy by peilbaken (∆) 29 in blok **D1** staan? (1x1) (1)

3.1.4 Bereken die gemiddelde gradiënt tussen punthoogte 1202 in blok **B6** en die reservoir in blok **C5** op die topografiese kaart.

Formule: *Gradiënt* = $\dfrac{\textit{Vertikale Interval (VI)}}{\textit{Horisontale Ekwivalent (HE)}}$ (5x1) (5)

3.1.5 (a) Verwys na die ortofotokaart. Is hierdie foto voor of na 12:00 geneem? (1x1) (1)

(b) Verskaf ‘n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.1.5 (a). (1x1) (1)

**[10]**

3.2 KAART INTERPRETASIE

3.2.1 Noem TWEE soorte landbou aktitwieteite sigbaar op die topografiese kaart. (2x1) (2)

3.2.2 Identifise TWEE verskynsels wat suksesvolle boerdery moontlik maak. (2x1) (2)

3.2.3 (a) Waarom is die nedersetting by 24° 40’ Suid en 30° 20’ 20” Oos NIE maklik toeganklik nie? (1x1) (1)

(b) Klassifiseer hierdie nedersetting volgens die hiërargie van nedersettings? (1x1) (1)

3.2.4 (a) Noem die straatpatroon van die woongebied Dresden in blok **A5** op die topografiese kaart . (1x1) (1)

(b) Noem EEN voordeel van hierdie patroon. (1x1) (1)

3.2.5




*"TUBATSE-KRUISING is 'n streekswinkelsentrum wat Burgers-fort en die groter Sekhukhunedistrik bedien.*

*[Aangepas uit die 'Mall' se webwerf]*

Die SSK van die dorp is by die kruising van die R37 en die R555-paaie in blok **C2** op die topografiese kaart geleë. Die winkelsentrum in die foto is nie in die middel van die SSK. Gee TWEE redes hiervoor. (2x2) (4)

**[12]**

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

3.3.1 Die <u>proses</u> wat gebruik word om verskillende tipes inligting te versamel om een kaart te vervaardig, word data- … genoem.

A manipulasie
B lae
C standardisasie
D integrasie (1x1) (1)

3.3.2 Die ortofotokaarte is die produk van die … van afstandwaarnemingsdata en vektordata vanaf die topografiese kaart.

A lae
B standardisasie
C integrasie
D bufferskepping (1x1) (1)

3.3.3 Die vektordata vanaf 'n topografiese kaart wat op 'n ortokaart gebruik word, is …

A dreinering.
B helling.
C hoogte bo seevlak.
D resolusie. (1x1) (1)

3.3.4 Verskaf EEN voorbeeld van <u>attribuut</u>data wat in blok **C2** op die topografiese kaart aangetref word. (1x2) (2)

3.3.5 Noem EEN voorbeeld van ‘n polygoonsimbool in blok **A3**. (1x1) (1)

3.3.6 Noem TWEE GIS-lae wat beplanners moes oorweeg het voordat konstruksie aan die Tubatse-kruissing Mall begin is. (2x1) (2)

**[8]**

## TOTAAL VRAAG 3: [30]

## GROOT TOTAAL: [150]

**ROFWERK.**

**Moet NIE hierdie bladsy van die vraestel losmaak nie. Enige werk wat op hierdie bladsy gedoen is, word NIE nagesien nie.**